# Laerskool Lynnwood

Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040
Tel: (012) 348 8894 of 348 1306,
E-pos: admin@lynnwoodlaer.co.za/inskrywings@lynnwoodlaer.co.za
Webwerf: www.lynnwoodlaer.co.za

| SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK | |
|---|---|
| FAMILIEKODE: | |

**NB!**

1. Slegs EEN vorm per gesin word benodig
2. **Die volgende dokumentasie moet die registrasievorm vergesel**:
   - **Oorplasingsertifikaat. (slegs vir graad 1 – 7)**
   - **Nuutste rapport. (slegs vir graad 1 – 7)**
   - **Afskrif van die kind/-ers se geboortesertifikaat en immuniseringskaart.**
   - **Afskrif van ouers se ID-dokumente en bewys van adres.**

## 1. LEERDERBESONDERHEDE

### 1.1 OUDSTE LEERDER

| | |
|---|---|
| VAN: | DOOPNAAM/E: |
| NOEMNAAM: | GESLAG: MANLIK VROULIK |
| GEBOORTEDATUM j j j j m m d d | ID NO: |
| HUISTAAL: | VORIGE SKOOL/KLEUTERSKOOL: GRAAD: |
| KERKVERBAND: | VORIGE SKOOL TELEFOONNOMMER: ( ) PROVINSIE: |
| TANS IN GRAAD: JARE IN GRAAD: | REDE VIR SKOOLVERLATING: |
| POSISIE VAN LEERDER IN GESIN: (bv 1e van 3) van | WAAR HET U VAN ONS GEHOOR? |
| AANVANGSDATUM VAN LEERDER BY LAERSKOOL LYNNWOOD: | |
| ALLERGIEË, KRONIESE SIEKTES OF NOODSAAKLIKE MEDIESE INLIGTING: | |

### 1.2 LEERDER 2

| | |
|---|---|
| VAN: | DOOPNAAM/E: |
| NOEMNAAM: | GESLAG: MANLIK VROULIK |
| GEBOORTEDATUM j j j j m m d d | ID NO: |
| HUISTAAL: | VORIGE SKOOL/KLEUTERSKOOL: GRAAD: |
| KERKVERBAND: | VORIGE SKOOL TELEFOONNOMMER: ( ) PROVINSIE: |
| HUIDIGE GRAAD: JAAR: | REDE VIR SKOOLVERLATING: |
| POSISIE VAN LEERDER IN GESIN: (bv 1e van 3) van | WAAR HET U VAN ONS GEHOOR? |
| AANVANGSDATUM VAN LEERDER BY LAERSKOOL LYNNWOOD: | |
| ALLERGIEË, KRONIESE SIEKTES OF NOODSAAKLIKE MEDIESE INLIGTING: | |

### 1.3 LEERDER 3

| | |
|---|---|
| VAN: | DOOPNAAM/E: |
| NOEMNAAM: | GESLAG: MANLIK VROULIK |
| GEBOORTEDATUM j j j j m m d d | ID NO: |
| HUISTAAL: | VORIGE SKOOL/KLEUTERSKOOL: GRAAD: |
| KERKVERBAND: | VORIGE SKOOL TELEFOONNOMMER: ( ) PROVINSIE: |
| HUIDIGE GRAAD: JAAR: | REDE VIR SKOOLVERLATING: |
| POSISIE VAN LEERDER IN GESIN: (bv 1e van 3) van | WAAR HET U VAN ONS GEHOOR? |
| AANVANGSDATUM VAN LEERDER BY LAERSKOOL LYNNWOOD: | |
| ALLERGIEË, KRONIESE SIEKTES OF NOODSAAKLIKE MEDIESE INLIGTING: | |

| **MEDIESE BESONDERHEDE:** | |
|---|---|
| HUISDOKTER: | PRAKTYK TELEFOONNOMMER: |
| MEDIESE FONDS: | MEDIESE FONDS TELEFOONNOMMER: |
| NAAM VAN HOOFLID: | LIDNOMMER: |
| **NAASBESTAANDE INLIGTING: (INDIEN OUERS NIE BESKIKBAAR IS NIE)** | |
| NAAM: | VERWANTSKAP: |
| KONTAKNOMMER: | ALTERNATIEWE KONTAKNOMMER: |

| **2. OUER-/GESINSBESONDERHEDE** | |
|---|---|
| **2.1 VADER** | **2.2 MOEDER** |
| VAN: | VAN: |
| TITEL: VOORLETTERS: | TITEL: VOORLETTERS: |
| VOLLE NAME: | VOLLE NAME: |
| NOEMNAAM: | NOEMNAAM: |
| ID-NOMMER: | ID-NOMMER: |
| HUISTAAL: | HUISTAAL: |
| KOMMUNIKASIEVOORKEUR: **SMS** **E-POS** **PER HAND** | KOMMUNIKASIEVOORKEUR: **SMS** **E-POS** **PER HAND** |
| TAALVOORKEUR: | TAALVOORKEUR: |
| TELEFOON: HUIS SELFOON | TELEFOON: HUIS SELFOON |
| FAKS: | FAKS: |
| E-POSADRES: | E-POSADRES: |
| WOONADRES: POSKODE | WOONADRES: SLEGS INDIEN VERSKIL VAN VADER POSKODE |
| POSADRES: POSKODE | POSADRES: SLEGS INDIEN VERSKIL VAN VADER POSKODE |
| BEROEP: | BEROEP: |
| WERKGEWER: | WERKGEWER: |
| WERKSADRES: | WERKSADRES: |
| WERK TELEFOON: | WERK TELEFOON: |

| BEROEPSTATUS: | | | BEROEPSTATUS: | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | EIE WERKGEWER | STUDENT | | EIE WERKGEWER | STUDENT |
| | VOLTYDS | KONTRAKWERK | | VOLTYDS | KONTRAKWERK |
| | DEELTYDS | WERKLOOS | | DEELTYDS | WERKLOOS |

| HUIDIGE GESINSTATUS: | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | GETROUD | ENKELOUER | HERSAAMGESTEL | VOOG |
| | WEWENAAR | WEDUWEE | PLEEGSORG | ANDER |

## 6. VRYWARING / TOESTEMMING OM AAN ALLE GEORGANISEERDE AKADEMIESE, SPORT- EN KULTUURAKTIWITEITE DEEL TE NEEM

6.1 Ek, ___________________________ouer / voog van __________________________ gee hiermee toestemming dat hy / sy aan alle akademiese, sport- en kultuuraktiwiteite wat deur die skool op 'n georganiseerde wyse aangebied word, mag deelneem.

6.2 Ek verleen toestemming dat my kind vervoer mag word deur 'n openbare busmaatskappy wat goedgekeur is deur die skoolbestuur. Indien daar slegs 'n klein groepie leerders vervoer moet word, kan daar ouers / onderwysers met wettige bestuurslisensies gevra word om leerders te vervoer.

6.3 Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van die mediese en / of hospitaalrekenings indien van toepassing, in geval van besering wat nie aan die growwe nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.

6.4 Ek dra my magte as ouer / voog oor aan die Hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese of chirurgiese behandeling vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy / sy fisies in staat om aan enige georganiseerde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy / sy in goeie gesondheid.

6.5 Ek bevestig dat alle mediese inligting voorsien in die Afdeling: Leerder Inligting van hierdie vorm akkuraat en volledig is. Hierdie inligting mag gebruik word in enige noodgeval.

6.6 Ek onderneem om die skool in kennis te stel indien enige van bogenoemde inligting verander.

6.7 Ek onderneem om my kind te ondersteun in die nakoming van die Gedragskode en dissiplinêre stelsel van Laerskool Lynnwood soos vervat in die Skoolbeleid.

Handtekening van ouer / voog: _______________________________________ Datum: ____________________

## 7. ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG EN LEERDERS

Ek ______________________________________________ verklaar hiermee dat die inligting soos hierbo in hierdie vorm deur my weergegee waar en juis is, en en dat ek by wyse van my handtekening hieronder die Voorsitter van die Beheerliggaam of sy verteenwoordiger toestemming verleen om enige van die besonderhede deur my verskaf na te gaan en te bevestig. Ek begryp ook dat, sou enige van die inligting deur my verskaf onwaar bevind word, stappe soos in punt 5.9 aangedui teen my gedoen sal word.

GETEKEN TE PRETORIA OP HIERDIE ______________________ DAG VAN _______________________ 20___

**HANDTEKENINGE:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| _______________ | _______________ | _______________ | _______________ | _______________ |
| OUER/VOOG | REKENINGPLIGTIGE | OUDSTE LEERDER | LEERDER 2 | LEERDER 3 |

## 8. GEDRAGSKODE

Aangesien die ouergemeenskap van Laerskool Lynnwood omgee vir die skool, is dit nodig om positiewe gedragsriglyne daar te stel ter bevordering van die leerders, ouers en onderwysers se belange. Met registrasie of herregistrasie as leerder van Laerskool Lynnwood, verbind elke leerder en ouer hom/haar tot die daarstelling van 'n gesonde geestesklimaat in die skool. Hierbinne kan sy/haar persoonlikheid optimaal ontgin word, en word geleentheid geskep om sy/haar universele potensiaal ten volle te ontwikkel.

<u>Onderneming</u>

8.1 Ten einde ons visie te verwesenlik, word leerders se gedrag onderhewig gestel aan:

8.1 Ten einde ons visie te verwesenlik, word leerders se gedrag onderhewig gestel aan:

- die Wet op Onderwysaangeleenthede,
- die skool se erekode,
- die skool se dissiplinêre kode,
- relevante dokumentasie van die skool.

8.2 Die volgende minimumdoelstellings:

- Om die nodige respek te toon aan mede-leerders gegewe die diverse skoolgemeenskap;
- Om deurentyd sodanig op te tree dat 'n rustige dog ernstige studie omgewing bevorder word;
- Om deur aktiewe en sinvolle deelname aan die skoollewe, 'n gesonde skoolkultuur en – tradisie op te bou;
- Om geen onnodige of doelbewuste steurnis vir medeleerlinge en ander persone te veroorsaak nie;
- Om gemeenskaplike fasiliteite - soos onder meer die klaskamers, speelterrein, badkamers en toilette, sindelik en volgens algemeen aanvaarde etiket te gebruik;
- Om skooleiendom, maar ook dié van ander persone, met die grootste agting te behandel;
- Om te weet dat die volgende strafbaar kan wees met skorsing uit die skool, hetsy vir bepaalde periodes of permanent en/of voorregte geweier kan word indien 'n leerder se optrede dit vereis:
  - die misbruik van gewoontevormende en/of ander verwante middels,
  - die dra van instrumente wat as wapens aangewend kan word,
  - vandalisme,
  - diefstal,
  - gedrag wat in die algemeen sosiaal onaanvaarbaar is,
  - ander oortredings soos deur die skool se Dissiplinêre Kode bepaal.

8.3 Om die gesag van enige volwassene wat vanuit 'n gesagsposisie optree (insluitend alle skoolpersoneel, ouers en persone wat met skoolaktiwiteite behulpsaam is) te respekteer.

8.4 Om deurentyd 'n positiewe beeld van die skool te help uitdra.

## 9. TERREINTOESIG

9.1 Toesig sal vanaf 07:00 in die oggend op die speelterrein wees totdat die skool verdaag om 13:30.

9.2 Geen toesig sal voor skool in die klasse wees nie.

9.3 Geen toesig na skool, behalwe vir ingeskrewe Naskoolleerders.

| 3. FINANSIËLE INLIGTING | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **PERSOON VERANTWOORDELIK VIR BETALING VAN SKOOLGELDE (Maak 'n X In Die Toepaslike Blokkie.)** | | | | | |
| (A) VADER | | (B) MOEDER | | (C) ANDER | |
| VAN: | | VOLLE NAME: | | | |
| ID-NOMMER: | | | | | |
| WOONADRES: | | | | KODE | |
| POSADRES: | | | | KODE | |
| BEROEP: | | WERKGEWER: | | | |
| TELEFOONNOMMERS: | HUIS | WERK | | SELFOON | |
| **DIE VOLGENDE BETAALWYSES VIR DIE BETALING VAN SKOOLGELDE IS BESKIKBAAR: (Maak 'n X In Die Toepaslike Blokkie.)** | | | | | |
| | EENMALIGE BETALING | | ELEKTRONIESE BETALING | | |
| | DEBIETORDER | | VOORUITGEDATEERDE TJEKS | | |

## 4. DEBIETORDERMAGTIGING

Hiermee gee ek volmag dat die bankiers van Laerskool Lynnwood, ABSA Lynnwoodweg, die volgende betalings vir _________________ per debietorder mag verhaal vanaf my bankiers onder Bankbesonderhede van hierdie dokument op die laaste dag van elke maand:

Skoolgelde betaalbaar in/oor: ☐ 1 Maand ☐ 11 maande

Uitstaande gelde - Paaiement van R_______ vir: ☐ 1 Maand ☐ 11 maande

Addisionele debietorder betalings: (bv. Krieket, Hokkie of Kunste Akademie) ☐

<u>Voorwaardes</u>

4.1 Indien die betaling van 'n debietorder vir een maand deur die bank geweier word, word die bedrag vir die volgende maand verdubbel en die bankkoste vir die weiering in die skool se bankrekening word ook bygevoeg.

4.2 Indien 'n debietorder 'n tweede keer geweier word, word dit nie weer aangebied vir betaling nie en word u aanspreeklik gehou vir die volle skoolgeld en kostes daaraan verbonde.

4.3 Hierdie magtiging kan deur my gekanselleer word deur u 30 dae skriftelik kennis te gee, maar ek verstaan dat ek nie op 'n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl die magtiging van krag was indien sodanige bedrae regtens aan u verskuldig was nie.

4.4 Ek erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekking(s) teenoor my rekening te behartig, geen van hulle regte aan 'n derde party mag afstaan of sedeer sonder my skriftelike toestemming nie, en dat ek geen van my verpligtinge ingevolge hierdie kontrak aan 'n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming van die gemagtigde party nie.

Handtekening van Rekeninghouer: ______________________________ Datum: ______________________________

| BANKBESONDERHEDE | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VIR KANTOORGEBRUIK: DEBIETORDERNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |
| NAAM VAN PERSOON: (VAN, VOORNAAM EN ANDER VOORLETTERS) | NAAM VAN FIRMA: (SOOS BY BANK GEREGISTREER) | | | | | | | | | | | | |
| ADRES: | | | | | | | | | | | | | |
| NAME EN GRADE VAN KINDERS: | | | | | | | | | | | | | |
| 1) | 3) | | | | | | | | | | | | |
| 2) | 4) | | | | | | | | | | | | |
| BANK: | TAK: | | | | | | | | | | | | |
| BANKREKENINGNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |
| TAKKODE VAN BANK: | | | | | | | | | | | | | |
| TIPE REKENING: | TJEK/LOPENDE REKENING: | | SPAAREKENING: | | | | | | | | | | |

## 5. KONTRAK MET SKOOL TEN OPSIGTE VAN BETALING

Ooreenkoms tussen Laerskool Lynnwood en ________________________________ (Naam van ouer / voog) t.o.v. die betaling van skoolgeld.

5.1 Laerskool Lynnwood is 'n Artikel 21 Openbare Skool en mag skoolgelde hef volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No. 84 van 1996) en die National Education Policy Act (Wet No. 27 van 1996) - National norms and standards of School Funding.

5.2 U is aanspreeklik vir die betaling van die skoolgeld soos bepaal ingevolge Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, tensy en tot die mate waartoe u van betaling vrygestel is kragtens hierdie Wet.

5.3 Kragtens familiereg sal ouers gesamentlik en afsonderlik verplig wees om skoolgelde te betaal ongeag hulle huwelikstatus.

5.4 Indien 'n hof bepaal het dat 'n ander persoon die skoolgeld moet betaal, bly dit steeds die verantwoordelikheid van almal wat as ouers van die ingeskrewe leerder kwalifiseer ooreenkomstig die definisie van 'ouer' in die SA Skolewet, om die skoolgeld te betaal.

5.5 Betaling van skoolgeld aan Laerskool Lynnwood sal as volg geskied:

*(Merk asseblief in toepaslike blokkie met kruisie)*

| | |
|---|---|
| A | Eenmalige betaling voor of op die sperdatum soos bepaal tydens die jaarlikse ouervergadering. |
| B | Afbetaling oor 11 maande. |
| C | Ander reëlings sal skriftelik met die Skool getref word op my verantwoordelikheid en inisiatief. |

5.6 Indien u wil appelleer teen 'n beslissing van die Beheerliggaam ten opsigte van die vrystelling van u verpligting van skoolgelde, kan u dit doen by die Departementshoof van die Onderwysdepartement, wat te alle tye die bepalings van bogenoemde Wetgewing sal toepas en verplig sal wees om 'n behoorlike regsproses te volg ten einde die belange van u as ouer en van die Beheerliggaam te beskerm.

5.7 Ek / Ons is bewus dat ons kan aansoek doen vir vrystelling van skoolgelde vir die huidige skooljaar
5.8 en indien ons van voorneme is om aansoek te doen vir vrystelling, sal die relevante aansoekvorm volledig voltooi word.

5.9 Indien ek agterstallig is met betaling van skoolgelde, sal ek aanspreeklik wees vir die betaling van die kostes aangegaan om dit in te vorder op 'n prokureur- en kliënteskaal.

5.10 Ek / Ons begryp dat die skool hom die reg voorbehou om alle inligting in hierdie aansoek vervat te kontroleer. Sou enige vals dokumentasie ingedien word, behou die skool hom die reg voor om 'n kriminele klag van bedrog teen enige van die partye tot hierdie aansoek aanhangig te maak.

5.11 Ek kies hierdie onderstaande adres as my *domicilium citandi et executandi* vir aflewering of betekening van kennisgewings of pleitstukke.
Woonadres (Nie 'n posbus adres nie):

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

Ek / Ons ________________________________die ouers / voog van ________________________________ onderneem om my / ons te hou by die ooreenkoms soos hierbo uiteengesit.

Handtekening van ouer / voog: ____________________________________ Datum: ______________________